SA JAGGEWEERSKIETVERENIGING
HUNTING RIFLE SHOOTING
ASSOCIATION

Voorsitter Verslag- Gauteng Ope 2014

Soos gewoonlik was die Gauteng Ope aangebied op die plaas net buite Delmas op die 6 September 2014. Dit was ‘n heerlike lente dag met ‘n ligte draaiende windjie wat die mirage lekker laat rondspeel het.

Skiet Uitleg

Baan 1 was ‘n blesbok teiken en die skietpunt was vragmotor bande. Die blesbokke was verder as 300m en die draaiende windjie en die mirage het dit nie so maklik gemaak nie.

Baan 2 was’ n springbok teiken en die skietpunt was dikkerige braaihout stompies. Die springbokke was ongeveer 230m maar het skuins met die berg se voet afgestaan. Die effens skewe bokke het die skuts baie gefnuik en baie bek skote is geskiet.

Baan 3 was gonge en die skietpunt was enige een van 3 groterige rotse en die skuts moes so half op hulle kniee staan. Die 5 gonge was so tussen 200m en 300m.

Baan 4 was ‘n wisselbaan met rooibok teikens. Die skietpunte was 3 rotse en 2 aluminium traplere (3voet & 6voet). ‘Die skut is in ‘n hoë sit/kneel posisie gedwing deur die bossies en gras tussen die skietpunt en die teikens. Die teikens was ongeveer 140m ver. Was ook net daar vir n jag genooi, maar ek moet my lere saamvat.

Baan 5 was n kort varkbaan. Teikens was so 70m ver en die skuts moes n enkel stok gebruik uit die staan posiesie.

Baan 6 was n lang gongbaan wat geskiet was oor n grondwal. Twee van die gonge was oor die 300m. Die verste gong was naby 350m.

Die Voorlopers

Baie geluk Herman, met jou wentelling van 835.9, en al die ander klas wenners.

Top Tien

1	**Van der Merwe**	**Herman**	HD	FS	Men	Silver	**835.9**
2	**Prins**	**Corrie**	CA	BOL	Senior 50-59	Gold	**831.5**
3	**Nezar**	**Jurgens**	JJ	GP	Men	NonMem	**811.9**
4	**Victor**	**Schalk**	SJ	NC	Men	Silver	**806.4**
5	**Klaver**	**Wayne**	W	WP	Men	Gold	**805.9**
6	**Martins**	**Francois**	TF	MP	Men	Gold	**800.4**
7	**Dedekind**	**Ralf**	KR	KZN	Men	Gold	**786.2**
8	**Martins**	**Jan Hendrik**	J	MP	Men	NonMem	**750.9**
9	**Immelman**	**Willem**	W	WP	Men	Gold	**745.9**
10	**Moolman**	**Wian**	W	Mp	Penkop u13	Gold	**745.9**

Klas uitslae

	Pos	Surname	Name	Initials	Pro-vince	Class	Next Shoot Status	Totaal /900
								836
Gold	1	Prins	Corrie	CA	BOL	Senior 50-59	Gold	832
	2	Klaver	Wayne	W	WP	Men	Gold	806
	3	Martins	Francois	TF	MP	Men	Gold	800
Silver	1	Van der Merwe	Herman	HD	FS	Men	Silver	835.9
	2	Victor	Schalk	SJ	NC	Men	Silver	806.4
	3	Muller	Anton	A	NW	Men	Silver	705.8
Bronze	1	Lange	Allen	AM	GP	Senior 50-59	Bronze	610.6
	2	Nezar	Robert	RC	GP	Senior 50-59	Bronze	585.4
	3	Carr	Peter	PS	MP	Veteran o60	Bronze	510.2
Penkoppe	1	Moolman	Wian	W	Mp	Penkop u13	Gold	746
	2	Van Zyl	Righardt	R	KZN	Penkop u13	NonMem	701
	3	Botha	Paul jnr	PP	GP	Penkop u13	NonMem	476
Juniors	1	Botha	Andre jnr	A	GP	Junior u16	NonMem	555.2
	2	Hartslief	Tristan	T	GP	Junior u16	Bronze	480
	3	Botha	Adriaan	A	GP	Junior u16	NonMem	390.25
Ladies	1	Aggenbach	Yvette	Y	GP	Ladies	Silver	690.5
	2	Labuschagne	Erna	E	GP	Ladies	NonMem	525
	3	Cronje	Swarika	S	GP	Ladies	NonMem	435.2
Seniors	1	Prins	Corrie	CA	BOL	Senior 50-59	Gold	831.5
	2	Furstenburg	Pikkie	LJ	GP	Senior 50-59	NonMem	700.4
	3	Barnard	Barries	AT	GP	Senior 50-59	Gold	665.8
Veterans	1	Carr	Peter	PS	MP	Veteran o60	Bronze	510.2
	2	Pretorius	Dries	AL	GP	Veteran o60	Bronze	355
	3	Groenewald	Chris	CH	GP	Veteran o60	NonMem	330.1
Non-Mem	1	Nezar	Jurgens	JJ	GP	Men	NonMem	811.9
	2	Martins	Jan Hendrik	J	MP	Men	NonMem	750.9
	3	Pieterse	CJ	CJ	FS	Men	NonMem	725.9

Die funksie en prysuitdeling was by Delmas Country lodge. Die prysuitdeling was voorafgegaan deur lekker braaivleis ete, paptert en slaai terwyl Wimpie die punte gedoen het.

Ons Borge

Met groot dank en waardering wil ek ons hoof borg, Safari and Outdoor, bedank vir hulle volgehoue ondersteuning van ons skietsport. Dankie vir die koopbewyse van R10 000 en die betaling van die funksie lokaal by Delmas Country Lodge, asook die vlae en uitrusting wat ons skietpunte baie mooi gemaak het. Alle skuts het ook n Safari and Outdoor sakkie gekry met n paar lekker goedjies in.

Willie Moolman, die plaas eienaar, word ook hartlik bedank vir die beskikbaarstelling van sy grond vir ons sport. As bewys van waardering het ons 'n gegraveerde jagmes aan Willie oorhandig tydens die opening.

Gerrie De Beer van AG Formworks het oudergewoonte sy span en teiken rame gestuur om die baan te bou en af t e breek. Gerrie het ook n paar van sy nuwe kleurvolle ammunisie houers geborg as pryse. Dankie Gerrie jy het n groot aandeel in die sukses van Gauteng se skiet.

Dankie ook aan Zeis en Swarofski wat elk n teleskoop gegee het om uit te deel as "lucky draw" prys.

Die handradios wat ons tydens die dag gebruik het is verskaf deur Active Electronics. Baie dankie vir die gebruik van julle toerusting.

My Span

Laaste maar nie die minste – dankie Wimpie vir jou harde werk elke jaar. Ook 'n groot dankie aan al die baanoffisiere wat die dag vir ons so glad laat verloop het. Sommer ook dankie aan al die skuts wat kom skiet het in Gauteng. Gauteng groei elke jaar in skut getalle.

Ou/Nuwe Bloed

Dit was my laaste skiet as Gauteng voorsitter en na ag jaar is dit tyd vir nuwe bloed. Ek sal altyd help, of bane bou, as iemand my vra. Dankie vir almal se ondersteuning die afgelope ag jaar.

Stefan van der Linde van Safari and Outdoor Johannesburg gaan by my oorneem as voorsitter. Ek dink hy sal goed doen en dit sal n aanwins wees vir die SAJSV.

Gaan julle almal skiet-geweldig.

Groete.

Barries Barnard